

# Jakob-Israel



## SABBATMIDDAG

### Skrifverwysings vir hierdie week se studie:

*Genesis 32:22-31, Hosea 12:3 en 4, Jeremia 30:5-7, Genesis 33, asook hfst. 34:30 tot 35:29.*

**Geheeteks:** “Toe sê Hy: Jy sal nie meer Jakob genoem word nie, maar Israel; want jy het geworstel met God en met die mense en het oorwin” (*Genesis 32:28, OAB*).

**J**akob en sy mense se sage duur voort, beide die goeie en die slegte. Nietemin bewaar die Here vir Jakob-hulle en toon dat Hy deurgaans by sy verbondsbelofte hou.

Hierdie week kyk ons verder na Jakob se verhaal, nadat hy weg is by Laban en op pad terug huis toe is; om uiteindelik sy broer Esau, die slagoffer van sy verraad, in die oë te kyk. Die vraag is net: wat gaan sy broer, wat hy so verskriklik te nagekom het, nou aan hom doen?

Gelukkig vir Jakob en te midde van die vrees vir Esau se reaksie, verskyn die Here, die God van sy voorvaders, weer aan hom. Hierdie gebeurtenis is ’n inleiding tot iets wat later as “Jakob se benoudheid” bekend sal staan (*lees Jer. 30:5-7, OAB; “’n tyd van benoudheid vir Jakob”*). Daardie nag het Jakob, die bedrieër, “Israel” geword; ’n nuwe naam sodat hy weer kan begin – ’n begin wat uiteindelik tot die totstandkoming van ’n nasie sal lei, ’n nasie wat na dié bybelkarakter vernoem is.

Met ander woorde: ten spyte van al die foute wat begaan word, is dié verhale oor die patriarge en hul huishoudings in die Skrif opgeteken om te toon dat die Here getrou is; dat Hy al sy beloftes nakom, en dit doen ten spyte van sy kinders wat lyk of hulle soms alles in hul vermoë doen om die vervulling van daardie beloftes teë te werk.

*\*Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 4 Junie.*

## Worsteling met God

Na hy en sy mense by Laban weg is, het Jakob gou weer 'n wonderbaarlike ontmoeting met God. Met die wete dat sy broer, Esau, op pad is, en met niks minder as “vier honderd man by hom” nie (*Gen. 32:6, NAB*), bid Jakob met groot erns tot die Here. Nietemin bely hy: “ek is al u gunsbewyse nie werd nie, ook nie die trou waarmee U my versorg het nie” (*Gen. 32:10, NAB*). Jakob het inderdaad nou 'n beter begrip van God se genade en wat dit behels.

Hoe het die Here hierop gereageer?

**Lees** Genesis 32:22-31, en Hosea 12:3 en 4. Wat is die geestelike waarde van hierdie wonderbaarlike verhaal?

---

Jakob is vreeslik benoud oor die verwickelinge betreffende sy broer, en dit is tog te verstane. Na hy alles in sy vermoë gedoen het om sy gesin te beveilig, oornag hy op sy eie. Toe word hy skielik deur “'n Man” aangeval (*Gen. 32:24, OAB*). Hierdie naamwoordstuk – 'n Man – het soms spesiale konnotasies in die Bybel, en roep die teenwoordigheid van God voor die geestesoog (*lees Jes. 53:3*). Daniël gebruik dit, verwysende na die hemelse priester Migael (*Dan. 10:5*). Dit is ook die woord wat Josua gebruik het om die “die leërowerste van die Here” te beskryf, wat Josua die Here (YHWH) Self noem (*Jos. 5:13-15, OAB*).

Tydens dié worsteling besef Jakob in 'n stadium dat hy met God Self worstel. Dit blyk uit sy versoek: “Ek sal u net los as u my seën!” (*Gen. 32:26; NAB, aangepas uit OAB*). Die feit dat Jakob so driftig vasklou aan die Here, en weier om Hom te laat gaan, toon ook sy passiewolle begeerte na vergifnis. Hy wou reg voor God wees.

“Die [onbekeerde] gedagtegang wat daartoe gelei het dat Jakob sondig, deur die eersgeboortereg met bedrog te probeer bekom, het nou aan hom duidelik geword. Hy het nie op die beloftes van die Here staat gemaak nie, maar wou deur eie inspanning dit vermag wat God op sy eie tyd en wyse sou verwesentlik” -Ellen G. White, *Patriarchs and Prophets*, ble. 197, 198.

Die bewys dat hy deur God vergewe is, is in sy naamsverandering - 'n naam wat hom aan sy sonde herinner het, is verander na een wat sy oorwinning vier. “Jy sal nie meer Jakob [die bedrieër] genoem word nie,” het die engel vir hom gesê, “maar Israel; want jy het geworstel met God en met die mense, en het oorwin” (*Gen. 32:28; OAB, komma bygevoeg*).

**Watter worstelings het jy al met God gehad? Wat beteken dit om met Hom te worstel, en waarom is dit belangrik dat 'n mens soms sulke ervarings moet hê?**

---

## Die herontmoeting tussen broers

Vanaf Pniël, wat “ek het God gesien” beteken (*lees Gen. 32:30, ABA*), die plek waar Jakob sy worstelgeveg met God gehad het, trek die patriarg nou op om sy broer te ontmoet. Na ’n skeiding van 20 jaar sien Jakob vir Esau en die 400 mans aankom in die vërte (*Gen. 33:1*). Jakob is besorgd, en berei sy gesin en homself vir enige gebeurlikheid voor.

**Lees Genesis 33. Watter verband is daar tussen Jakob wat God van aangesig tot aangesig by Pniël gesien het, en Jakob wat sy broer hier weer van aangesig tot aangesig sien? Wat sê dit vir ons oor die verhoudings wat ons met God en met ons “broers” (hetsy huisgenote, ons medemens of ons medegelowiges) het?**

---

Jakob buig sewe maal na die aarde terwyl hy sy broer nader (*Gen. 33:3*) en spreek hom ’n aantal kere as “my heer” aan (*Gen. 33:8, 13, 15; OAB*). Jakob identifiseer homself boonop as “u dienaar” (*Gen. 33:5, OAB; vgl. hfst. 32:4, 18, 20*). Dit is noemenswaardig dat Jakob sewe maal voor sy broer buig, ’n spieëlbeeld van die sewe seënninge wat sy pa destyds oor hom uitgespreek het (*Gen. 27:27-29*). Wat meer is, deur te buig doen hy die teenoorgestelde van die seën wat sy pa oor hom uitgespreek het, naamlik dat “nasies voor jou [sal] neerbuig” (*Gen. 27:29, OAB*).

Dit is asof Jakob hier ten doel het om terug te gee wat hy aan sy broer verskuldig was, om die handoplegging terug te gee wat hy wederregtelik geneem het (*lees Gen. 33:11*). Teen alle verwagtinge in, toe Esau sy broer sien, hardloop hy tot by Jakob. Hy bring nie sy broer om die lewe nie. Nee, “Esau het sy arms om Jakob se nek gesit en hom gesoen, en hulle het gehuil” (*Gen. 33:4, NAB*).

Later sê Jakob aan sy broer: “ek [het] u aangesig te sien gekry soos ’n mens die aangesig van God sien” (*Gen. 33:10, OAB*). Die rede vir dié buitengewone wyse waarop Jakob uiting aan sy gevoelens gee, was omrede hy hier besef het dat Esau hom vergewe het. Die Hebreuse werkwoord ratsah, “het behae gehad” (*Gen. 33:10, OAB*), is ’n teologiese begrip, en verwys na enige offer wat deur die Here “met welgevalle aangeneem” of “aangesien word,” en wat ook daarop neerkom dat God die aanbieder vergewe het (*Lev. 22:27, Amos 5:22*).

Die belewenis wat Jakob by Pniël gehad het, toe God hom vergewe het en waar hy Hom van aangesig tot aangesig gesien het, word nou herhaal met sy broer wat hom vergewe; ’n besef wat Jakob inderdaad met sy direkte ontmoeting met God vergelyk. Jakob beleef dus ’n tweede Pniël, die eerste ’n oefenlopie vir die tweede. Jakob is deur God en deur sy eie broer vergewe. Sekerlik het hy nou, meer as ooit tevore, verstaan wat genade beteken.

**Dink aan al die kere wat ander jou vergewe het. Wat het jy daaruit oor God se genade geleer?**

## Die ontering van Dina

Noudat hy met sy broer versoen is wil Jakob hom graag in Kanaän hervestig en in vrede daar woon. Die woord *shalem*, oftewel “veilig” (*Gen. 33:18, NAB*), is afgelei uit die woord *shalom*, wat “vrede” beteken. Vir die eerste keer word Jakob se lewenspad deur vrede gekenmerk.

Nadat hy ’n stuk grond by die inwoners van daardie landstreek gekoop het (*Gen. 33:19*) rig hy ’n altaar vir die Here op, as teken van sy geloof en van die besef hoe afhanklik hy in werklikheid van God is. Vir elk van die offers was daar ’n meegaande aanbiddingsgebaar.

Om in Kanaän te vestig was egter makliker gesê as gedaan, en vir die eerste keer in sy lewe kom Jakob-Israel dit agter. Soos Isak en Abimelek by Gerar (*Gen. 26:1-33*), probeer Jakob ook om tot ’n vergelyk met die Kanaäniete te kom.

### **Lees** Genesis 34. Wat het toe sy planne vir ’n vreedsame verblyf in Kanaän in die wiele gery?

---

---

Hier het ons ’n besonder onsmaklike voorval. Dit toon hoe dubbelsinnig die karakters in hierdie verhaal, asook hul optredes, in werklikheid is. Dieselfde sinlike Sigem wat vir Dina verkrag, het klaarblyklik opregte bedoelings, en is kwansuis lief vir haar. Hy probeer dus opmaak vir wat hy haar aangedoen het en is selfs bereid om ’n verbondsrite, die besnydenis, te ondergaan.

Let egter ook op Simeon en Levi se optrede. Albei gee voor om kampvegters van God en sy gebod te wees, en staan ondertrouery met die Kanaäniete teë (*Lev. 19:29*), maar wend hulle nietemin tot leuens en misleiding (*Gen. 34:13*); en is ook al te gretig om te moor en te plunder (*Gen. 34:25-27*). Hul optrede is meer as net laakbaar, want waarom nou ’n klomp mense straf vir wat een man verkeerd gedoen het? Hierdie misdaad wat hulle gepleeg het kon potensieel tot verdere probleme aanleiding gee.

Hoe reageer Jakob daarop? Hy wil net die vrede bewaar. Wanneer hy die nuus ontvang dat sy dogter verkrag is sê hy niks nie (*Gen. 34:5*). Toe hy egter van sy seuns se wandade te hore kom berispe hy hulle op die daad omdat hy meer bekommerd oor die gevolge van hul dade is: “Julle het my in die moeilikheid gebring, want julle het my naam sleg gemaak by die mense van hierdie land, die Kanaäniete en die Feresiete. Ek het maar ’n klein klompie mans by my. As die mense van die land almal saamstaan teen my, sal hulle my en my mense verslaan en ons om die lewe bring” (*Gen. 34:30, NAB*).

**Dit gebeur oor en oor in dié verhaal: ’n spul leuens en bedrog, en tog ook dade wat van goedheid en genade getuig. Wat sê dit oor die aard van die mens?**

---

## Afgodery vier hooggety

**Lees** Genesis 34:30 tot 35:15. Watter lesse aangaande ware aanbidding kan 'n mens uit hierdie gebeure leer?

---

---

Direk na Jakob se klagte dat die vrede tussen hom en die Kanaäniete in die gevaar gestel is (*Gen. 34:30*), en nadat hy sy twee seuns teregge wys het (*Gen. 34:31*), sê die Here vir Jakob aan om Sigem te verlaat en na Bet-El terug te keer ten einde die verbond te vernuwe. Die Here beveel hom inderdaad om, sodra hy daar aankom, 'n altaar te bou.

Wat is die heel eerste ding wat Jakob doen nadat daardie bevel gegee is? Volgens die Bybel sê Jakob vir sy mense om die Kanaänitiese afgodsbeeldjies te verwyder, die beeldjies wat hulle tydens die plunder van die stad Sigem by die mense afgeneem het, asook die huisgode wat Ragel gesteel het (*Gen. 31:19, 32*). Al hierdie dinge is ook van kardinale belang vir hul voortgesette verbond met God.

Hierdie afgodsbeeldjies is gehou, en moontlik ook aanbid, en dit ten spyte van Jakob se verbintenis tot God. Jakob wou sy huis van alle Kanaänitiese invloede suiwer. Om bloot weg te trek uit Sigem was nie vir hom goed genoeg nie. Jakob moes van alle afgode in hul midde en in hul harte ontslae raak.

Die bekeringsproses bestaan uit meer as net 'n fisiese verskuiwing van een plek na 'n volgende, oftewel van een kerkgenootskap na 'n ander. Allerbelangrik, en deur genade van bo, is die suiwering van ons harte van alle afgode, ongeag waar ons woon – want 'n mens kan bykans van enigiets 'n afgod maak.

Toe Jakob die Here gehoorsaam en die bevel wat Hy gegee het uitvoer, gryp die Here uiteindelik in: “'n skrik van God” (*Gen. 35:5, OAB*) kom oor die mense van die omliggende stede, en daarom waag die mense dit nie om Jakob-hulle aan te val nie. Daarna is die patriarg toe gereed om die Here tesame met “al die mense wat by hom was” te aanbid (*Gen. 35:6, OAB*), 'n sinsnede wat daarop dui dat die gesin weer heel was. Jakob noem die plek Bet-El, ter herinnering aan sy droom oor die leer; met die leer as teken dat die hemel en aarde nou verbind is, dat die verbreekte verbintenis nou herstel is.

Dié keer val die klem op die God van Bet-El, in plaas van die plek self. Hierdie persoonlike aard van die herstelde band tussen God en Jakob herhaal sigself, waar God Jakob daaraan herinner dat sy naam “Israel” is (*Gen. 35:10*), met die dubbele belofte wat hierdie seëning indirek te kenne gee. Die seëning wat Jakob ontvang beteken, eerstens, vrugbaarheid, die voortsetting van die Messiaanse stamboom, asook die voortbring van baie nasies (*Gen. 35:11*); en tweedens, wys dit op die Beloofde Land (*Gen. 35:12*).

**Op watter subtiële wyses kan afgodery in die gelowige se hart wortelskiet, en wat kan 'n mens daaraan doen?**

---

## Ragel se dood

**Lees** Genesis 35:15-29. Watter ander smarte het Jakob se disfunksionele gesin te beurt geval?

---

Net na Jakob se vertrek uit Bet-El is daar drie verbandhoudende gebeure op die laaste been van sy reis na die Beloofde Land: die geboorte van Jakob se laaste seun; Ragel se dood; en Ruben, Jakob se eersgeborene by Lea, wat by sy pa se byvrou slaap. Hoewel die teks nie sê waarom die jongman so 'n bouse ding aangevang het nie, kan dit wees dat hy op 'n manier die geboorte van Jakob se laaste seun wou skend, en Ragel se nagedagtenis in oneer wou bring. Die presiese rede is egter nie bekend nie.

Die geboorte van Jakob se laaste seun hou verband met Betlehem (*Gen. 35:19*), wat binne die grense van die Beloofde Land val. Hierdie geboorte is dan die eerste vervulling van God se belofte m.b.t. Israel se toekoms as 'n volk. Die vroedvrou se trooswoorde aan Ragel is profeties en is 'n spieëlbeeld van die versekering wat God aan Abraham gegee het: “Moenie bang wees nie” (*Gen. 35:17, NLV; vgl. Gen. 15:1, NLV*).

Noemenswaardig is Jakob se verandering van die naam wat die sterwende Ragel aan haar seuntjie gegee het; van Ben-Oni (“seun van my smart”) waarmee sy haar pyn te kenne wou gee, na Benjamin (“seun van die regterhand”). Benjamin dui moontlik, by implikasie, 'n rigting aan: die suide. Hiermee gee Jakob dalk uiting aan die hoop op die Beloofde Land en alles wat God belowe het om vir Jakob se nageslag te doen sodra die mense hulle daar vestig.

Dit is in dié tyd dat Ruben geslagsomgang met Bilha het. Sy was Jakob se byvrou en ook Ragel se diensmeisie (*Gen. 35:25, Gen. 30:3*). Waarom hy so 'n skandelige ding doen, is nie duidelik in die Skrif nie – dalk is dit bloot 'n verdere voorbeeld van die verdorwenheid van die mense.

Wonder bo wonder reageer Jakob nie op dié skokkende gebeurtenis nie, hoewel dit pertinent aan hom gesê is (*Gen. 35:22*). Dit kan wees dat Jakob in dié fase van sy lewe alles in God se hande laat, met die vertroue dat die Here sy beloftes, ten spyte van die sonde en euwels wat soms om die patriarg gebeur, sal nakom.

Hierdie onwrikbare geloof is juis die les wat 'n mens indirek uit die lys van Jakob se 12 seuns leer, uit dié seuns wat die voorsate van die 12 stamme van Israel sou wees (*Gen. 35:22-26*). Beslis nie die mees aangename of voorbeeldige groep mense op aarde nie, soos ons weldra sal sien. Ten spyte van al die probleme, al die disfunksie, en selfs die euwels, soos blyk uit Ruben se geslagsomgang met Bilha, sal God se wil uiteindelik deur hierdie mense geskied, hoe deurmekaar die huishoudings van Abraham se nasate ook al was.

**Ten spyte van menslike swakhede sal God se planne uiteindelik triumfeer. Dink net wat sal gebeur as die mens net bereid is om saam met God te werk, as ons aan Hom gehoorsaam is. Met ander woorde: dink net hoeveel makliker, met minder menslike spanning en lyding, God se wil verrig kan word?**

---

**Vir verdere studie:** Lees Ellen G. White, “The Night of Wrestling” ble. 195-203 in *Patriarchs and Prophets*.

“Die stryd en angs wat Jakob in daardie nag van worsteling beleef het versinnebeeld die beproewinge wat die kinders van die Here voor Jesus se wederkoms sal deurmaak... Dit is wat God se kinders in hul laaste worsteling met die bose magte sal beleef. Die Here sal hul geloof, hul deurstellingsvermoë, en hul geloofsekerheid in sy vermoë om hulle te red, beproef en toets. Satan sal hulle probeer terroriseer, met die idee dat hulle ’n verlore saak voor God is; dat hul sondes te groot was om sy vergifnis te kan ontvang. God se kinders word [dan] pynlik bewus van hul eie tekortkominge. Diesulkes neem bestek van hul lewens en begin om moed verloor. Dan onthou hulle egter hoe groot die genade van God is, en daarmee saam, hoe opreg hul bekering was; en beroep hulle op die belofte wat God deur Christus aan die hulpelose, boetvaardige sondaar gemaak het. Dan versaaak hulle nie die geloof omdat hul gebede nie dadelik verhoor word nie. Nee, hulle gryp die krag van God aan, net soos Jakob wat vasklou aan die Engel, met hul binneste wat uitroep: ‘Ek sal U net laat gaan as U my seën’...

“Tog gee Jakob se lewensverhaal ons die versekering: God verwerp nie diegene wat in Satan se sondestrik beland het nie, as hul bekering en terugkeer na God natuurlik opreg is. Dit was deur ’n oorgawe van die eie-ek, deur ’n geloof wat daadwerklik op God vertrou het, dat Jakob dit verkry het wat hy nie voorheen deur menslike inspanning kon verkry nie. Op dié wyse, dan, het God sy dienskneg ’n belangrike les geleer: slegs deur die krag en genade van God kon hy die seëninge wat hy so begeer het, ontvang. So sal dit ook met God se eindtyd-kindere wees. Met gevare wat alom dreig en wanhoop wat die hart probeer verswelg, vertrou hulle uitsluitlik op die verdienste van Jesus se bemiddeling. Uit ons eie kan ons niks doen nie” -Ellen G. White, *Patriarchs and Prophets*, ble. 201-203.

## Vrae vir bespreking:

- 1 **Waarom baan Jakob se swakhede die weg vir God se genade? Hoe hou Jakob se flaters verband met Paulus se woorde: “Want as ek swak is, dan is ek sterk” (2 Kor. 12:10, OAB)?**
- 2 **Waarom openbaar die Bybel, na jou mening, so baie van die bybelkarakters se veragtelike gedrag? Is daar enigiets wat die moderne gelowige daaruit kan put?**
- 3 **Bepens die afgodery-kwessie. Wat is die afgode van die hedendaagse mens? Hoe kan ons keer dat ons nie enigeen of enigiets behalwe die Here aanbid nie?**